

Inhoud Hierdie Preek wys hoe Christus se kruisiging ons gehoorsaamheid aan God se wet “kruis opneem” en “kruisdra” maak. Omdat Christus ons nooit weer vir enige sonde vervloek en ons altyd seën al kan ons nie sy wet reg onderhou nie, wil ons sukkel met die regte bedoeling van God se wet en ons nie self met nuttelose geestelike reëls en oefeninge besig hou wat niks met God se wet te doen het nie.

Skriflesing Matteus 16: 21 – 24, 5: 20 – 22. Galasiërs 3: 9 - 14

Teks Mat. 16: 23: “As iemand My wil volg moet hy homself verloën en sy kruis opneem en my volg

Tema Ons wil met die Here se regte wil sukkel

1. In die Here se 3 lydensaankondigings op pad na sy kruisiging het hy aan sy dissipels openbaar dat Hy met Paasfees gekruisig sal word en dan op die Sondag uit die dood uit sal opstaan. (Mat.16: 21-23, 17:22,23, 20L 17 -19)

Die nuwe lewe uit die geloof in sy kruisiging noem die Here “om jou kruis op te neem” of “om jou kruis te dra.” Daarmee wys die Here dat daar twee soorte kruise is wat gedra word. Hy sal sy kruis dra sodat ons ons kruis kan dra.

Sy kruis is om ons sondes te dra en ons kruis is om die nuwe manier waarop Hy die Tien Gebooie laat werk gehoorsaam te wees. Die Here self beskryf hoe Hy die Tien Gebooie laat werk in Mat. 11: 29,30: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle, en leer van My, omdat Ek sagmoedig en nederig van hart is, en julle sal rus vind in julle gemoed. Want my juk is draaglik en my las is lig.”

Die Here maak die 10 Gebooie vir ons ‘m draaglike juk en ligte las. Hy maak dit die 10 Gebooie wat ons rustig kan gehoorsaam en wat ons nie moedeloos maak en met ‘n gekwelde gewete laat leef nie.

Die 10 Gebooie as draaglike juk en ligte las is die kruis wat ons moet opneem.

Ons ontdek hierdie draaglike juk en ligte las wanneer ons sien wat is die kruis wat die Here dra.

Volgens Galasiërs 3 daar die Here met sy kruis al God se vervloeking vir alle oortredings wat ons as gelowiges teen sy wet begaan en seën God ons met alle seëninge wat ons deur gehoorsaamheid sou kry, al is ons nooit self so gehoorsaam dat ons geseën moet word nie. Ons word nooit vervloek omdat ons nie die wet reg kan gehoorsaam nie, ons word in Christus altyd geseën.

Dit is hoe ons die Here volg - ons glo Hy dra met sy kruis ons vloek en seën ons altyd.

Ons wil met die Here se regte wil sukkel

2. Christus se kruis waarmee Hy ons sondes dra maak ons kruis, die wet van God draaglik en lig. Die ironie van ons kruisdra is dat die draaglike en ligte wet van God is nie makliker reëls nie.

Dit wys die Here in sy Bergrede in Matteus 5. Die Here stel sy wet as direkte opdragte wat sy dissipels moet gehoorsaam. Die Here vra nie mooi, pleit, maak voorstelle, gee wenke of rig versoeke om gehoorsaam te wees nie. Gesagvol stel die Here dat ons na die wet van God as sy wet moet luister met die aankondigings “Maar Ek sê vir julle”. (Mat. 5:22, 28, 32, 34, 39, 44) Met hierdie woorde “ Ek sê vir julle” eis die Here gehoorsaamheid aan Hom as die Here van die Tien Gebooie.

Die ironie is dat die Here sy eis van gehoorsaamheid die draaglike en ligte eis noem en die wette van die Jode die ondraaglike en swaar wette noem.

Die Jode het die Here se wet so geleer en uitgeleef: “As jy nie iemand vermoor nie, dan is jy gehoorsaam aan God se wet.” Volgens die Here is hierdie die ondraaglike en swaar juk van die Jode. Die Here verbind sy dissipels aan die bedoeling van die wet waar as jy so kwaad is vir jou medegelowige dat jy hom wil kwaad aandoen, hom as boos en sleg uitskel of as ‘n goddelose mens sien (dwaas), het jy die bedoeling van die wet “ jy mag nie doodslaan” gebreek. Hierdie verbintenis tot die werklike bedoeling van die gebod, noem die Here Jesus die draaglike en ligte las.

Die Here doen dit net so met die gebod “ Jy mag nie egbreuk pleeg nie”. Volgens die Here is die ondraaglike en moeisame las van die Jode dat as jy net nie skei nie of as jy skei dit volgens die wet van die land moet wees. Die Here se draaglike en ligte bind jou aan die bedoeling van die sewende gebod waar jy die bedoeling van die gebod verbreek wanneer jy na ‘n ander vrou as jou eie kyk en haar as jou eie begeer.

Die gekruisigde Here se verbintenis tot die werklike bedoeling van die gebod is draagliker en ligter as die Joodse godsdiens se ondraaglike en vermoeide verbintenis aan makliker reëls as die gebooie van God.

3. Wat maak die verskil tussen die Joodse godsdiens se ondraaglike en vermoeiende wette en die Here Jesus se draaglike en ligte wette?

En die antwoord is nie moeilikheidsgraad van die wette nie. Die verskil tussen die Jode en Christus se wette is die Here Jesus Christus se kruisiging. Sy kruisiging maak ons gehoorsaamheid aan God se wet “kruis opneem en kruis dra.”

Omdat die Here met sy kruis al die vervloeking van ons sonde op Hom neem, sal die Here dit nooit met ons slag laat gaan of vir ons sleg wees wanneer ons die wet van God oortree nie. Net so sal die Here dit met ons goed laat gaan, ons seën, al kry ons die nie reg om die wet reg te gehoorsaam nie. Só mak die Here dat ons ons altyd aan die regte bedoeling van die wet van God kan verbind. Ons verander nooit die regte bedoeling van God se wet omdat ons daarmee sukkel nie, want ons word nooit vervloek maar altyd geseën.

Dit is soos die verskil tussen regte wiskunde en wiskunde geletterdheid wat hulle deesdae op skool aanbied. Wiskunde geletterdheid is om erkenning vir wiskunde te

Ons wil met die Here se regte wil sukkel

kry terwyl jy nie met regte wiskunde besig is nie. Jy kry volle erkenning vir wiskunde geletterdheid, 'n onderskeiding, wat totaal nutteloos is en jou niks help met die regte lewe se beroepe nie. Dit terwyl jy met 30% vir regte wiskunde al geleenthede en vaardighede oopmaak vir die regte lewe.

Dit is wat die Here in Matteus 15: 8 en 9 openbaar: "Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle harte is ver van My af, tevergeefs vereer hulle My, want hulle onderrig as leerstellings die voorskrifte van mense." Die makliker geestelike weet van die Jode, is die 10 Gebooie geletterdheid. Dit is totaal nuttelose geestelike reëls vir die regte lewe soos die Here dit uitwys in Mat. 23: 13 – 32. Hulle moet 'n tiende van tot die kleinste goed soos kruie aan God gee as offer, maar is glad nie aan die reg, barmhartigheid en trou van die wet van God gebind nie.

Gelowiges is nie aan die 10 Gebooie geletterdheid gebind nie, maar aan die regte 10 Gebooie. Ons neem ons kruis op en dra ons kruis om aan die regte bedoeling van die wet gebind te wees, want dit ontsluit die wysheid en geleenthede vir die regte lewe.

4. Hoe kan die Here Jesus se moeiliker wette die draagliker en ligter wette wees?

Want Hy maak met sy kruis die regte wet van God draagliker en ligter as mens se maklike geestelike reëls. Hoeveel vervloeking en straf gaan jy kry as jy net 30% kry vir die bedoeling van 'n gebod van God? Jy gaan geen vervloeking kry nie want die Here vat my sy kruis alle vervloeking van die wet weg. Wat se seën sal jy by God kry as jy net 20% van die bedoeling van 'n gebod vervul? Jy sal 100% deur God geseën word want jy kry die seëninge wat Christus verdien het met sy gehoorsaamheid, net deur jou geloof in die Here. Die Here sal jou nooit vervloek nie al kry jy op een dag vir 'n bepaalde gebod 0%. Vir 0% sal jy 0% vervloeking en 100% seën verkry.

So verbind die Here ons om te wil bly sukkel met die regte bedoeling van sy regte wet. Met 30% gehoorsaamheid ontsluit ons die volle betekenis van die wet van God in ons lewe omdat ons in die geloof in sy liefde vir ons leef. Ons volg Hom na in die kruis wat Hy vir ons dra deur met God se moeilike wet te wil bly sukkel.

Die Here is deur sy kruis vir ons ons ekstra wiskunde onderwyser. Hy leer en oefen ons in die regte wiskunde, die regte wet van God. 'n Ekstra wiskunde onderwyser staf en beloon jou nie met punte nie, maar laat jou net bly oefen in die regte wiskunde. So oefen die Here ons elke dag sonder enige straf of beloning om in die regte bedoeling van sy wil te leef sodat ons toegerus word met die regte vaardighede en die regte lewe vir God.

Die Here is nooit ons wiskunde geletterdheid onderwyser nie. Hy leer ons nooit die nuttelose onnodige reëls van die geestelikhede van hierdie wêreld nie. Hoekom is hulle maklike geestelike reëls die ondraaglike en swaar wette? Want dit is die onderhouding van totaal nuttelose en sinlose godsdienstige reëls wat totaal niks werd is vir die regte lewe nie. Om met sulke snert besig te moet wees in die Naam van God is ondraaglik en moeilik.

5. Ons word al meer en meer in ons eie kerke gelei om Jesus as die 10 Gebooie geletterdheid onderwyser te moet aanvaar en ons so aan die geestelikes van hierdie

Ons wil met die Here se regte wil sukkel

wêreld se ondraaglike en swaar laste te moet onderwerp. Om met hulle totaal nuttelose geestelike reëls te moet besig wees in die Naam van God.

Dit is die ondraaglike en swaar reëls wat hulle uitdink vir mans om met mans, en vrouens met vrouens omgang te hê. Hulle dink nuwe instellings en wette uit van hoe mense so kamstig in liefde moet saamleef en ander hulle vir hierdie sonde met respekteer. So kry mense nou 100% vir 10 Gebooie geletterdheid. Die Here verbind ons nie aan die maklike wette vir mense wat teen die bedoeling van God met die huwelik vir een man en een vrou wil leef nie. Vir geestelikes wat godsdiens só leer: “hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle harte is ver van My af; tevergeefs vereer hulle My want hulle onderrig as leerstellings, die voorskrifte van mense.” (Mat. 15:8.9)

Op dieselfde wyse het die NG Kerk nou al ongetroud saambly geseën as liefde volgens God se wet wat nog net ‘n bietjie leiding nodig het. So lei hulle mense met die 10 Gebooie geletterdheid en vervreem hulle van die regte bedoeling van die Here se wet.

Dit is soos die geestelikheid waarin hulle jou leer om altyd soos Jesus te moet glimlag, terwyl jy met Jesus se glimlag die passiewe woede teenoor jou gesin uiteleef om hulle met stilstupe berekend te verneder.

Die Here Jesus is nie ons wiskunde geletterdheid, 10 Gebooie geletterdheid, onderwyser nie. Hy is die Here van die regte wet vir die regte lewe. Deur die kruis van ons sonde te dra skep Hy in ons die wil om binne die regte bedoeling van sy wet te leef, en met sy regte wet te wil bly sukkel – want Hy vervloek ons nooit nie en seën ons altyd.

Omdat ons in die volle seën van die Here leef met al ons sondes en foute, wil ons bly sukkel met die regte wet vir die regte lewe. Ons wil nie met die ondraaglike en moeisame snert van geestelikes se selfopgemaakte wette leef nie.